

16 Die Nederlandse Bankgebou, Pretoria

Een van die interessantste geboue in die wesfasade-eenheid van Kerkplein, Pretoria, is die Nederlandse Bank, wat met sy trapgewel en neo-Hollandse Renaissance-boumode, saam met die effens ouer Law Chambers langsaan 'n eenheid vorm en sterk herinner aan 'n toneeltjie soos dié langs die gragte van Amsterdam.

Die gebou is in 1897 opgerig en ontwerp deur die bekende Pretoriase argitek van daardie tyd, Willem de Zwaan, wat ook verantwoordelik was vir ander geboue in die stad wat ongelukkig vandag nie meer bestaan nie, soos die Landbank in Paul Krugerstraat. Sy eie huis op die hoek van Celliers- en Walkerstraat en die eerste voetstuk vir die Krugerstandbeeld bestaan egter albei vandag nog.

De Nederlandsche Bank en Crediet Vereniging voor Zuid-Afrika was destyds in vennootskap met De Zuid-Afrikaansche Fabrieken voor Ontplofbare Stoffen, en laasgenoemde maatskappy het die eerste verdieping van die toe nuwe Nederlandse Bankgebou betrek. Moontlik is dit waarom die kluis en kluisdeur vandag nog van die grootste veiligheid en sterkte spreek!

Die Nederlandse Bank is tans die hoofkantoor van die Suid-Afri-

kaanse Kunsvereniging. Die hoofingang is met pragtige Art Nouveau-tipe gegote ysterhekke versier en 'n swierige trap met bronshandreling lei na die boonste verdieping.

Die deel van die Law Chambers wat regs op die tekening gesien kan word, toon een van die drie sierlike gewels van die gebou wat reeds in 1893 opgerig is vir sy oorspronklike eienaars, The African Board of Executors and Trust Company Limited. Hierdie maatskappy, wat met 'n kapitaal van R100 000 begin het, het direkteure gehad soos Hugh Crawford, T. N. de Villiers, Johan Rissik, P. J. Kotze, R. K. Loveday, Carl Ueckermann, J. C. Minnaar en H. Cloete. Die maatskappy was 'n agentskap wat brand- en lewensassuransie verkoop en lenings verskaf het.

Paul Kruger het gereeld op pad van sy huis na die ou Raadsaal, opgerig in 1891, by hierdie twee geboue verbygeloop. 'n Mens kan jou kwalik 'n mooier agtergrond voorstel vir witstinkhoutbome waaronder mense in groepies by tafels en sonsambrele verversings geniet, omring deur die rustigheid wat Kerkplein wel kán bied, sonder enige lawaai en besoedeling van motors en busse.